**31 Mei**

Skrifgedeelte: Psalm 100 (OAV)

# Kom, ganse aarde, juig voor die Here!

Wat hierdie Psalm so besonders maak, is dat die psalmdigter hier die gelowiges opdrag gee om die hele aarde op te roep om die Here te loof. Dit is iets wat baie min in die Ou Testament voorkom, daar is normaalweg net met Israel gepraat, dié soort oproep kom eintlik maar eers ná Pinkster voor.

Die Here het die ganse heelal gemaak en onderhou dit soos vers 3 dit stel, en daarom moet die hele aarde voor Hom jubel en Hom prys. Dit is ook nie iets wat ons met 'n swaar gemoed moet doen nie, maar met groot blydskap uit absolute dankbaarheid en met groot liefde vir alles wat Hy uit sy oorvloedige genade vir ons skenk, sonder dat ons enigiets verdien. God red ons selfs uit die kloue van Satan en van die helse vuur deur die grootste geskenk, dit waaroor die hele skepping moet jubel, die verlossing deur die soendood en opstanding van ons Here Jesus Christus. Maar om deel te wees van hierdie wonderlike verlossingsdaad as uitverkorenes van God, kom daar ook die belangrike verantwoordelikheid wat ons in dankbaarheid moet uitleef.

Ons moet nou ons hele lewe en alles wat ons doen so inrig, en daarvan ook 'n erediens aan die Here maak, sodat die hele aarde daardeur tot die lofprysing van ons Hemelse Vader opgeroep kan word, en Hom sal eer uit dankbaarheid vir sy allesoorheersende offer wat Hy aan ons geskenk het in Jesus Christus. Ons moet met vreugde na sy erediens gaan, en met vreugde so lewe dat ons die hele wêreld daartoe roep om saam met ons Hom daar te loof. Daarom: "Kom, ganse aarde, kom na die poorte van die Here, en dien Hom met blydskap, kom voor sy aangesig met gejubel!"

Sing: Psalm 100:1-4

Teologiese Student HFR Pelser